

(a) **Huis-Afrikaans** hang grotendeels van die ouers af, wat selde 'n bewus-Afr. opvoeding gehad het, die Eng. woorde gedurig van die winkel- en ambagsmense hoor, self die woorde dikwels moet gebruik en onopgevoede bediendes hul begeertes duidelik moet laat verstaan. Hulle is haastig en het nòg die tyd nòg die energie om die Nedl. woord te soek, self daaraan gewoon te raak, en hul winkelier, bediendes, ens. daaraan gewoon te laat word. Hierdie klas basterwoorde staan dus nader aan die Eng., is selfs gewoonlik ontlennings en nie angl. nie; bv. *kondensmelk*, *enemmel*, *semmoeliëna*, *joekiláptis* (eucalyptus), *misjiënerie* (vgl. Wdlys '23), *konkrét*, *moutir*, ens.

(b) **Skool-Afrikaans**. In die skool laat die onderwyser se geesdrif oor Afr. as sy onderwerp en gewoonlik ook as sy taal, hom merk, sodat die leerlinge begin praat van *gekondenseerde melk*, *emalje*, *eufeemisme*, *masinerie*, *beton*, *mootorr*, ens. Makliker leer hulle egter die suiwer uitspr. van nuwe woorde, woorde dus wat nog nie in die ander taalkring vasgelê is nie; bv. *ēpiek*, *ēties*, *ēpentese*, ens. Bewus-Afr. begin hulle praat van *oasisse*, *komieke* ("comics", grappige tydskriffies), *poeliesieman*, ens. Kom hulle 'n woord teë wat hulle nog nie uit Eng. ken nie, bv. *apodikties*, gee hulle dit 'n naastenby Afr. uitspr. (tensy dit die vreemde spelling behou en vir hulle na Eng. lyk). Hierdie twee kringe beïnvloed mekaar gedurig; veral die onbewuste alledaagse dring onder die dun korsie van die geskoolde Afr. in, en stoot elkers sy kragtige kop daardeur. By die beoordeling van die basterwoord is hierdie middelklas, nl. die onbewuste Afr. van welopgevoede persone, as geldig beskou.

(c) BASTERWOORDE — MEDEKLINKERS.

Die letter V: word reëlmatig Afr. *f* (v. bls. 156); alleen in die Inlaut van eiewoorde voor 'n onbeklemtoonde klinker word dit *w*—nooit aan die begin van 'n woord nie.

T na 'n stemlose medeklinker: verdwyn reëlmatig in Afr.: *markt* word *mark*, *ampt* word *amp*. Orals waar dit nie plaasvind nie, moet 'n baie sterk verstorende invloed aanwesig wees; bv. *ientellekt @*, *ienstienkt*, (gereeld) *pact*

(lugpakt, DB 11.9.36), *takt* (-loos/heid, -vol). Aangesien die meeste dgl. woorde baie nuut is, blyke van Eng. invloed gee (bv. klem en uitspr.), en sterk Eng.-gekleurde gebruik-sfere het, moet ons veeleer Eng. as Nedl. invloed hierin sien : soos in die volgende geval is dit nie waarskynlik dat die onbekende Nedl. (onbekend veral wat uitspr. betref) meer invloed as die alombekende Eng. sou uitgeoefen het nie. *Maagd* en *agt* is seldsame uitsonderings (spesiale faktore werk hier in).

Die letter C: C-woorde word naas die "Afrikaanse" uitspr. dikwels suiwer Eng. uitgespreek; bv. *café*. Dis tekenend dat ons gladweg die spelling van alle vreemde woorde verafrikaans maar die Eng. leenwoorde nie : om te skrywe *djentilman*, *djienghoe*, *ghiraasj*, *raghbie*, *klap*, *oeïskie*, *stat* terwyl ons gedurig voor ons oë en in ons penne *gentleman*, *jingo*, *garage*, *rugby*, *club*, *whisky* en *stud* het, stuit ons teen die bors (v. bls. 171). Die *C* word dan ook in Afr. so te sê altyd soos die Eng. uitgespreek, al is dit dikwels 'n geval van Nedl. = Eng. = Afr.; bv. *Kristen*, *Kalvinis*, *Konstantia*, *Caesar* (weens Bybelse *Cesarea Filippi*), *chawinisme*—in hierdie gevalle is Eng. invloed of onmoontlik of onwaarskynlik. Wyk die Afr. van die Eng. af, is dit gewoonlik omdat dit darem nou te skaamteloos "Engels" word—al stem die Eng. ooreen met die Nedl.! bv. *meganiek*, *gronies* @. Vgl. o.a.: *cedeer* × *cellis* (Nedl. & Eng. *s* × *tj*); *chaos* × *chaperon*, *chemie* × *chenille*, *cholera* × *chocolade* (Nedl. & Eng. *g/k* × *sj*)—die Afrikaner weet perfek wanneer *C* as *s*, wanneer as *k*, wanneer as *tj*, wanneer *CH* as *sj*, wanneer as *k*, en wanneer as *g* uitgespreek moet word—omdat hy die Nedl. uitspr. so goed ken! Gewoonlik volg die uitspr. sowel van die Eng. as van die Nedl. *C* 'n vaste reël (*s* by voor-, *k* by agterklinkers); dan is dit Nedl. = Eng. = Afr. Net in 'n paar gevalle is daar enigszins 'n afwyking :

<i>obsceen</i> :	Nedl. - <i>skeen</i> × Eng. & Afr. - <i>seen</i>	
<i>scepticus</i> :	<i>sep-</i> ×	<i>skep-</i> (Woordelys xxix)
<i>Scylla</i> :	<i>skil-</i> ×	<i>sil-</i> { <i>Skep/schep-</i> , <i>skulla</i>
<i>cinema</i> :	<i>kienee-</i> ×	in Nedl., <i>sep-</i>
<i>chili-salpeter</i> :	<i>sjie-</i> ×	in Eng. word
<i>echo</i> :	<i>eggo</i> ×	aangetref.

As die letters **GH** in 'n vreemde woord voorkom, dan is daardie woord 'n ontlening gewoonlik uit Eng., bv. *anghorabok*, *mangho*, *jingo*, *ghoen*, *ghong*, *ghienie*, *ghwarrië*. Af en toe word miskien 'n woord aangetref wat ook buite Eng. invloed om so 'n klank het; bv. *kóng-ghres* in die uitspr. van sekere boer wat doof is en min Eng. ken. (Dit is foneties verklaarbaar; so ook *prolong-ghasie* @.) Gewoonlik is die Eng. invloed duidelik te bespeur; bv.

<i>exacte</i> :	eghzakte	(’n Ph.D. van Stellenbosch)
<i>auxiliair</i> :	ôghzillieër	
<i>chloroform</i> :	ghlôroform	(Ds. X, B.A., B.D.)
<i>vulgair</i> :	wulghêr	
<i>flegmaties</i> :	flekmaties	(prof. dr. Z)

Die on-Air. Z : word, afgesien van gevalle soos *exacte* en *auxiliair*, in basterwoorde soos *poeziesie*, *poezietiewisme*, *bizzaar* (waarskynlik 'n ontlening) gehoor, miskien in sommige gevalle weens Nedl. invloed (dis egter die persone wat die minste onder Nedl. en die meeste onder Eng. invloed staan wat daartoe geneig is).

Die letter Q : word in Afr. byna altyd (soos Eng.) *kw*; bv. eekwillibris(t) (Nedl. eekielie-), éekwienoks (Nedl. eekienóks), eekwiwwalent (Nedl. eekie-), êkwipage (Nedl. eekie-), kwarintein (Nedl. karantêne), kwid-prou-kwou (Nedl. *qui-pro-quo*, kieprookoo), antiekwieteit (Nedl. antiekie-).

Die Nedl. uitspr. wissel soms af : **Q** word in nuwe basterwoorde *k*, in ou basterwoorde *kw* uitgespreek; soms word altwee aangetref, bv. *equipage*. Afr. vertoon egter g'n aarseling nie : dis dwarsdeur *kw* soos in Eng. Analogiese inwerking van die Hooghollandse skryftaal? Waarom dan nooit *kweu* vir *queue*, of *kadrielje* en *liekiede* vir *quadrille* en *liquide* nie?

Die letters SJ (vgl. bls. 137; en Trigardt : sarsant 394, Snees 222) : word soms in Afr. gebruik waar hulle in Nedl. afwesig is, bv. spess/spissjicaal, offiesjieële, seksjoeële, funksjonaris, suspiesjieëus, konstituusjioneel, dieksjionêr, kwosjent, sosjialisme, stasjonêr, wiesjioenêr, wiesjies (Nedl. spesie-, offiesie-, seksuu-, funksie-, suuspiesie-, konstietuusie-, diksie-, kosie-, sosie-, stasie-, viesie-).

Die letters TSJ (v. bls. 137 ; soos *sj* on-Afr.) : word soms in Afr. gebruik waar hulle in Nedl. afwesig is, bv. ientillektj/tsjoeële, natj/tsjoeralisme (Nedl. intellektuu-, natuu-).

Die letters ZJ : word soms *dj* uitgespreek, bv. *origineel* (Nedl. ooriezjie-, Afr. orriedjin-), *genie* (Nedl. zjeenie).

Aanvangs-P + n, s, t : word dikwels (soos Eng.) weggelaat, bv. sieko/gologie, n(j)eumó(u)nieë, to(u)mein, terro(u)-, seudoniem (Nedl. psiegologie, pneumonie, ptomafien, ptero-, pseudo-). Die enigste eg-Afr. woord wat met *ps* begin, verloor nie sy *p* nie : p(is)sallim × Eng. saam (*psalm*). Vgl. DH 27.11.36 : Korresp. vra of *seniliteitspsigose* verbindings-*s* nodig het.

VREEMDE-WOORDE

word in nog groter mate in Afr. op Eng. uitgespreek.

(a) LATYN.

In teëstelling met die gebruik in ander lande (bv. Duitsland, Holland en Frankryk), word in S.-Afrika die vreemde woord gewoonlik nie volgens die inheemse spelling nie maar volgens die Eng. spelling uitgespreek.

Afgesien van baie-ou woorde en uitdrukkings soos *D.V.*, *V.D.M.*, *nolens volens*, *sieto-sieto*, *in memoriam*, wat al suiwer Afr. voel en klink, kom die meeste Latynse eenhede in Afr. òf uit Eng. òf deur Eng. òf onder Eng. invloed. Uit Eng. kom o.a. die verkortings *infra dig.*, *ad lib.*, *nem. con.*, *incog.*, *pro tem.*, *vs.* ; deur Eng. kom o.a. die meeste van die volgende eenhede : *ad valorem*, *bona fide*, *casus belli*, *ceteris paribus*, *sine qua non*, *non compos mentis*, *crux*, *cui bono?*, *deus ex machina*, *dramatis personae*, etc., *extempore*, *obiter dicta*, *pro bono publico*, *quid pro quo*, *a priori*, *status quo*, *sub poena*, *per se* (Afr. *sei*, Nedl. *see*), *ultra vires*, ens. Die Eng. invloed kan aangewys word (1) in die uitspraak ; bv. *ad nôzieam*, *altra wiereis*, *a prieôrie*, *annou domminie*, *arghjoementum ad hommienem*, *eks offiesjieou* ; (2) in die vertaling : Sodra ons die Latyn in Afr. moet omsit, steek ons vas ; ons is op skool te gewoont geraak om Latyn in Eng. te vertaal. As ons die letters

“D.V.” sien, sê ons “Dee Fee” (nie *Wee* nie), maar as ons “Q.E.D.” sien, sê ons “Kjoe Ee Dee” en ons dink aan “Quite Easily Done.” Sowel (1) as (2) kan deur die onderwys uitgeroei word; (1) is veral maklik verafrikaansbaar omdat die Afr. klanke dikwels deur dieselfde letters as die Latynse voorgestel word, bv. *Roma* soos *Rome*, *rosa* soos *rosse*.

(b) FRANS.

Omdat Eng. 'n wêreldtaal is, en die Eng. tradisie 'n kennis van Frans vereis, weet die Engelsman gewoonlik meer van die Fr. taal af as die Afrikaner, wat dit moeilik genoeg vind om twee onmisbare tale naastenby perfek te ken en geen tyd het om nog aan 'n *accomplishment* te peusel nie. Vandaar dat feitlik elke Fr. woord in Afr. deur Eng. gekom het, en dus in Afr. 'n basteruitspr. besit—die Engelse het nog nooit as talekenners of talesprekers uitgemunt nie. Gevolglik is die Eng. afkoms van die Fr. woord in Afr. maklik herkenbaar; bv. (korrekte uitspr. tussen hakies) éi-de-kamp (êdēkâ), dreineer (drêneer), créijon (krêjô), barcaroul (-rol), boekéi (boekét), brusks (bruusk), bóedwar (boedwár), Bordóu (-doo), chatou (-too), commjoeniekei (commuunikée), kóepeï (koepée), deppoo (dee-), ou-de-killoun (oodekòooloonje; maar Trigardt 167: oude Kolonie); feit (fêt), arrandjeer (-nzjeer), kollietsj (kolleezje), djirraaf (zjieráfe), löjjaal (loojaal), menjoe (meenúu), noubless oubleezj (noo-, oob-), nom de ploem (pluum; bestaan nie in Fr.), óuwirtsjoer (oevertúur), portmantou (-too; nie Fr.), pontoen (-ton), saloen (-lon), reppirtwar (reeper-), Renneissans (Reenêsáns), rest-ourant (reestoo-), toilet (twalét), troesou (troesóo)¹, wôdewil (voodevielje), woil (vwal). Soms probeer die Afrikaner sy deur Eng. verkleeë stukkie-en-brokkies-kennis ten toon spreï, en praat dan *a la moud* van die *deeteils* van die *riwjóe* (*a la mode, détail, revue*), of skrywe hoe sonder 'n *chaperone* (Wdlys 1931) die kêrel se *fiancé* (de Waal: Oorlog 167) die *minuet* (DB 24.10.36) gedans het (*fiancée, menuet*).

¹ Vgl. egter *Rousseau* (-souw), *Blignault* (blienou), *Gagiano* (kasnou).

(c) ITALIAANS.

Dieselfde geld in mindere mate van die Italiaanse woorde in Afr. By die uitspraak van watter nie-Engelse taal ook al, dien die Afrikaner te onthou dat dit veel waarskynliker is dat die Afr. klinkers met die nie-Engelse ooreenstem as dat die Eng. daarmee ooreenstem; bv. *accelerando*: nie *aksellerandou* nie maar *atsjelerandoo*; so ook: *de Bounou*, *Badouljou*, *fiaskou*, *fortissimou*.

Dit blyk dus dat die Afrikaner sy kennis selfs van nie-Eng. sake deur middel van Eng. moet kry. Mens sou sweer die Franse, Italjaners en Spanjole praat net 'n verbasterde Eng.

VREEMDE NAME.

(a) UITSPRAAK.

Soos in die vorige gevalle, is die wan-uitspr. van eiename uit vreemde tale, aan die wantoestande van die verlede op taalgebied te wyte: op skool en in die wêreld daarbuite is Eng. gedurig gehoor en gesien en geskrywe, was Eng. die taal waarin oor enigiets bo die allédaagse verhewe, gepraat is, en was Eng. die enigste vreemde taal wat die Afrikaner geken het. Dit was dus natuurlik dat die Afrikaner, wanneer hy 'n onbekende woord uit 'n vreemde taal teëkom, al het hy dit nog nooit in Eng. gehoor nie, in sy uitspr. die letters hulle Eng. klankwaardes sou gee. In die meeste gevalle het hy hulle egter al gehoor: klassieke, geskiedkundige en aardrykskundige eiename—dit was in die ou dae die teerkos op skool: “Wot end wêr wos Eskjoelépieis?” Omdat die toestande op skool en in die maatskappy verbeter, ook wat taal betref, sodat die Afrikaner almeer met hierdie name die eerste deur middel van Afr. onderwysers, tydskrifte en boeke kennismaak, is die ergste voorbeelde van wan-uitspr. aan die verdwyn. Ongelukkig is die ouer geslag van wie die jongeres die uitspr. hoor, byna altyd die onverbetere produkte van die verlede; gevolg: voortplanting van die Eng. uitspr. So 'n voorval soos die uitspraak van “Prinz August Wilhelm” deur die Eng. “aankondiger” van die Kaapstadse “Uitsaaistasie” as *aaugh óest*, en deur die Afr. “aankondiger” onmiddellik daarna as *óghist*, is selfs geen uitsondering nie. Gelukkig word die Nedl. uitspr. van baie

woorde almeer nie net by wyse van uitsondering gehoor nie, en praat ons nie meer so dikwels van *Houmir* se *Ielieëd* en *Oddissie*, of *Orowid* se *Mettamorfoosis* nie.¹ Hier volg 'n lysie name wat algemeen verkeerd uitgespreek of geskrywe word²:

A.

- Acropolis (Eng.-Afr. *akroppil*; Grieks-Afr. behoort *akroopóol*-te wees; Nedl. *akróopoo*-).
 Aeneid (Schoonees & v. Bruggen 173) (Nedl. *Aeneis/neïde*).
 Aesculapius (*eskjoe*-, Nedl. *eskuulaap*-).
 Aesop (Nedl. *Ae/Esopus*).
 Aix-la-Chapelle (Nedl. *Aken*).
 Alsace-Lorraine (Nedl. *Elzas-Lotharingen*).
 Amazon (Nedl. *Amazone*).
 Amerika (*amerr*-, Nedl. *ameer*-).
 Anglo- (*Engels*-).
 Angora (*anghorra*, Nedl. *ang-go*-).
 Antonio de S. (*antouniou*, Port *-toonioo*).
 Antwerp (Nedl. *Antwerpen*).
 Argus (*aaghis*, Nedl. *argus*).
 Aristot(t)el (Volkstem 12.7.32; Nedl. *Aristoteles*, uitspr. *-less*).
 Aristophanes (*-toffanies*, Nedl. *-toofaness*; so alle Griekse name op *-es*, bv. *Damookless*, *Demos-teeness*, *Diogeeness*).
 die Asturias (Nedl. *Asturië*).
 Augeas (Nedl. *Augias*).
 Austerlitz (*ós*-, Nedl. *aau*-).
 Australië (*ós*-, Nedl. *ous*-).
 Auvergne (*ouwir*-, Fr. *oowerrnje*).
 die Azores (Nedl. *de Azoren*).

B.

- Die Bahamas (Nedl. *de B-eilanden*).
 Basle (*baal*, Nedl. *bazel*).
 Bavarië (Nedl. *Beieren*).
 Beethoven (*beithou*-, Du. *beetho*-).
 Belgrade (Nedl. *Belgrado*).
 Bengal (*-ghól*, Nedl. *Bengalen*).
 die Bermudas (Nedl. *de B-eilanden*).
 Bern (*birn*, Nedl. *berrn*).
 die Baai van Biskaai (Nedl. *de Golf van Biscaje*).
 Boedapest (Nedl. *Ofen*, Eng. *Buda*).
 Bohemië (Nedl. *Bohemen*).
 Bologna (*billounja*, It. *boolonja*).
 Bordeaux (*bordou*, Fr. *bordoo*).
 Boulogne (*billoun*, Fr. *boolonje*).
 Bruges (Nedl. *Bruggen*).
 Brunswick (Nedl. *Brunswijk*).
 Brussels (Unie 7.35; Nedl. *Brussel*).
 Bucephalus (*bjoesef*-, Nedl. *buuceef*-).
 Buenos Ayres (*bjoenous êrs*, Sp. *bweenoos airees*).
 Bulgarië (Nedl. *Boelgarye*).
 Burma (DB 10.12.36; Nedl. *Birma*).
 'n Burmees (Nedl. *Birmaan*).

¹ Vanuit Radio Kaapstad het iemand egter op 2.10.36 die skole toegesprek oor sonbaaie, waarby *Houmir* se *Oddissie*, Prinses *Nôsieka*, *Joelissees* en *tjoeberkulose* te pas gekom het.

² Ook in Nedl. wissel vreemde name soms af; bv. *Florence*: *flooraas* (soos in *gans*; gewone Nederlander), *fiérensie* (bereide Nederlander); of word nie die Dietse nie maar die eintlike vorm gebruik, bv. gewoonlik *Arras* en nie *Atrecht* nie.

C.

Cadiz (Nedl. *Cadix*).
 Cairo (*Kairou*, Nedl. *Kaïeroo*).
 Camoëns (Sp. *Camoens*).
 Caribsee (Uit Drie Wêrelddele 5 ;
 Nedl. *Caraïbiër*).
 Charlemagne (Nedl. *Karel de Groot*).
 Caruso (-*sou*, It. -*soo*).
 Ceuta (*sjoeta*, Sp. *thee-óota*).
 Chile (*tjillie*, Nedl. *sj/gie, Chili*).
 Cinderella (Red. DB 4.3.35 : *die Cinderella - provinsie* ; Nedl. *Asschepoester/tje*).
 Cleves (Nedl. *Kleef*).

Columbus (-*lambis*, Nedl. -*lumbus/loemboes*).
 Confucius (-*fjoesjies*, Nedl. -*fuu-sieüs*).
 Congo (*konghou*, Nedl. *kong-goo*).
 Constance (Nedl. *Konstanz*).
 Corunna (Port *Kooroenja*).
 Courtray (Nedl. *Kortrijk*).
 Crete (Nedl. *Creta*).
 Crimea (Nedl. *Krim*).
 Cuba (*kjoeba*, Nedl. *kuu-*).
 Cupid (*kjoepid*, Nedl. *kuupiedoo*).
 Cyclades (Nedl. *Cycladen*).

D.

Danube (Nedl. *Donau*).
 Dardanelles (Nedl. *Dardanellen*).
 die Decameron (Nedl. *de Decamerone*).
 Decroly (*deikrou-*, Fr. *deekroo-*).
 Doumergue (*doemirgh*, Fr. *doemerrgh*).

Straat van Dover (Nedl. *Nauw van Calais*).
 Don Quixote (*kwiksout*, Nedl. *Quichotte, kiegot*).
 Dumas (*djoe-*, Fr. *duumaa*).

E.

Elbe (*elb*, Nedl. *elbe*).
 Emile (*eimiel*, Fr. *eemiel*).
 Epicurus (*epikjoe-*, Lat. *eepikuu-*).
 Estonia (DK 16.9.36) (Nedl. *Estland*).

Euclid, Euripides, Eurysthenes (*joe-*, -*rippiddies*, -*thinnies*, Nedl. *wikkhedess*, *wiriepiedess*, *wiristeeness*).
 Eugene (*joedjeen*, Fr. *cuzjén*).

G.

Ganges (*ghendjiez*, Nedl. *gangis*).
 Ganymede (Nedl. *ganiemeedess*).
 George (*djordj*, Du. *gheorg*).
 Geneva (Unie 8.35, KB 5.36) (Nedl. *Genève*).

Genoa (Unie 7.35, DB 19.1.31 ; *Genua*).
 Ghent (Nedl. *Gent*).
 Guinea (*ghienie*, Nedl. *guineeaa*).

H.

Haydn (*heiden*, Du. *haiden*).
 Hainault (Nedl. *Henegouwen*).
 Hanover (Nedl. *Hannover*).
 Havana (Nedl. *Havanna*).
 Hawaii (Nedl. *Hawai*).
 Helicon (*hell-*, Nedl. *heel-*).
 Heligoland (Nedl. *Helgoland*).
 Heraclitus (*her-*, Nedl. *heer-*).

Hercules (*hirkjoelies*, Nedl. *herrkuules*).
 Herodotus (*herod-*, Nedl. *heeroo-*).
 Hesiod (Nedl. *Hesiodos, heestoo-*).
 Himalaya (*hiemil-*, Nedl. *himal-*).
 Hindoe (*hiendoe*, Nedl. *hindoe*).
 Homer (Nedl. *Homeros*).

I.

Iliad (Nedl. *Ilias*). Paus Innocent IV (KB 8.36)
 Rooi-Indiaan (Nedl. *Indiaan/* (Nedl. *Innocentius*).
Roodhuid).

J.

Junod (*joenou*, Fr. *zjuunoo*). Juvenal (Lat. *Juvenalis*).

K.

Cologne (*killoun*, Nedl. *Keulen*). Kosak (*kossak*, Nedl. *koosák*).

L.

La Fontaine (*-tein*, Fr. *-tén*). Liege (Nedl. *Luiik*).
 Latvia (DK 16.9.36) (Nedl. Lille (Nedl. *Ryssel*).
Lettland). Lisbon (Uit Drie Wêrelddele 7)
 Lausanne (*lou-*, Fr. *loo-*). (Nedl. *Lissabon*).
 Leghorn (V. A. K. 17.9.35) Livy (Lat. *Livius*).
 (*Livorno*). Louvain (Nedl. *Lewen*).
 Lenin (*lén-*, Nedl. *leenien*, Rus. Lucern (*toesirn*, Nedl. *luuserrn*).
ljeenien). Lyons (Nedl. *Lyon*).

M.

Mantsjoekwou (Nedl. *-kwoo*). Michael (Duitser : spotprent DB
 Marie (*márie*, Fr. *marie*). 27.7.32) (Nedl. *Michel*).
 Mars (*maars*, Lat. *mars*). Michael Angelo (*maaikeel endjelou*,
 Marseilles (Unie 7.35) (Nedl. Nedl. *Michelangelo/Angelo*).
Marseille). Milan (Unie 8.35) (Nedl. *Milaan*).
 Martial (Lat. *Martialis*). Mons (Nedl. *Bergen*).
 Mendelsohn (*-sin*, Du. *-soon*). Montessori (*-tissórie*, It. *-tessoorie*).
 Menelaus (*menne-*, Nedl. *meenee-*). Morocco (Nedl. *Ma-*).
 Mexico (*meksieko*, Sp. *meegiekoo*). Munich (Du. *München*).
 Mussolini (*muss-*, It. *moes-*).

N.

Namur (Nedl. *Namen*). Nice (Unie 10.36 ; Nedl. *Nizza*).
 Nemesis (*nem-*, Nedl. *neemee-*). Nobelprys (*nóubil*, Nedl. *noobéll*).
 Neptune (*neptjoen*, Nedl. *Nep-*
tunus, *-tuu-*). Nuremberg (Nedl. *Neurenberg*).

O.

Ostend (Nedl. *Ostende*). Ovid (Lat. *Ovidius*).

P.

Pegasus (*pegh-*, Nedl. *peeg(h)asus*). Perseus (*pirseeüs*, Nedl. *perrrsuis*).
 Peleus (*-leeüs*, Nedl. *-luis*). Pericles (*perriekliés*, Nedl. *peerie-*
 Penelope (*pinnellopie*, Nedl. *pe-*
neeloopée). Petrararch (Nedl. *Petrarca*).
 Persphone (*-seffonie*, Nedl. *-see-*
foonee). Picardie (Nedl. *Picardië*).
 Piedmont (Nedl. *Piëmont*).

P.

Pindar (Gr. *Pindaros*).
 Plautus (*plôtis*, Lat. *plautoes*).
 Plutarch (Gr. *Plutarchos*).
 Pluto (*ploetou*, Nedl. *ploe/pluutoo*)
 Poland (DB 1.12.36, DK 8.7.36 ;
 Nedl. *Polen*).
 Polyphemus (*poll-*, Nedl. *pool-*).
 Po (*pou*, It. *Poo*).
 Pomeranië (Nedl. *Pommeren*).

Rhône (*roun*, Nedl. *rôn*).
 Robespierre (*roubs-*, Fr. *roobspjêr*).
 Roemanië (Nedl. *Roemenië*).

Said (*sed*, Nedl. *saied*).
 Saint-(Saëns) (*sint*, Fr. *sé soos*
sêns).
 Sallust (Lat. *Sallustius*).
 Salonika (Nedl. *Saloniki*, *-loon-*).
 Savoy (Nedl. *Savoie*).
 Schleswig (Nedl. *Sleeswyk*).
 Serbië (Nedl. *Servië*).
 Seville (Sp. *Sevilla*).
 Sino- (Nedl. *Chineesch*-(*Japansch*)
 Slavs (DK 11.11.36 ; Nedl. *Slaven*,
Slavonen).

Tagore (*tigghó* Hind. *tágoor*),
 Tagus (Nedl. *Taag*).
 Tangiers (Nedl. *Tangier*).
 die Texel (Nedl. *Tessel*).
 Themis (*theemis*, Nedl. *téemis*).
 Themistocles (Nedl. *teemistookless*)
 Theocritus (*theokk-*, Nedl. *teoo-*).
 Theseus (*theeseëis*, Nedl. *teesuis*).
 Thetis (*thee-*, Nedl. *tee-*).
 Thucydides (*thjoe-*, Nedl. *tuusie-*
diedess).

Ushant (Nedl. *Uoessant*).

Pompeii (*-pieaai*, Nedl. *Pompeji*).
 Praxitiles (Nedl. *praxietieless*).
 Priam (Nedl. *Priamus*).
 Prometheus (Nedl. *promectuis*).
 Psyche (*sieke*, Nedl. *psiege*).
 Ptolemeus (Nedl. *piooleemuis*).
 Pygmeë (*piegmee*, Nedl. *pigmée*).
 Pythagoras (*paith-*, Nedl. *piet-*).

R.

Romulus (*romjoelus*, Nedl. *room-*
uulus).
 Rothschild (*rothsjaild*, Du. *root-*
sjielt).
 Rouen (Nedl. *Rouaan*).

S.

Socrates (*sokkraties*, Nedl. *sóokra-*
tess).
 Sophie (*sóufie*, Fr. *soofie*).
 Sophocles (*soffouklies*, Nedl. *soo-*
fookless).
 Strassburg (Nedl. *Straatsburg*).
 Syrië (*sirr-*, Nedl. *sier-*; vgl.
Cyprus : Eng. *saai-*, Afr. *sie-*,
 bls. 148, [2]).
 Suez (Nedl. *Suëz*, *suu-ezz*).

T.

Tierra del Fuego (*fjoegou*, Nedl.
Vuurland).
 Tournay (Nedl. *Doornik*).
 Trafalgar (*triffélgir*, Nedl. *tra-fal-*
gar; die woord is nie Eng. nie
 maar Sp.).
 Treves (Nedl. *Trier*).
 la Tribuna (*tribjoe-*, It. *trieboena*).
 Trieste (Nedl. *Triëst*).
 Turin (Nedl. *Turyn*).
 Tuskaan/s (Nedl. *Toskaan/s*).
 Tuskanië (Nedl. *Toskane*).

U.

Uruguay (*joeroegwei*, Sp. *oeróe-*
ghwie).

V.

Valhalla (Nedl. <i>Walhalla</i>).	Amerigo Vespucci (<i>amerrieghou wespacki</i> , It. <i>ameerighoo wes-poetsjie</i>).
Valparaiso (<i>welppirreisou</i> , Nedl. <i>Valparaiso</i>).	Vienna (Nedl. <i>Weenen</i>).
Vasco da G. (<i>waskou</i> , Nedl. <i>waskoo</i>).	Victor Hugo (<i>wiektir joeghou</i> , Fr. <i>wiektórr uughóo</i>).
Venisië (Unie 8.35, DB 9.1.36 ; Nedl. <i>Venesië</i>).	Vistula (Nedl. <i>Weichsel</i>).
Vergil (Nedl. <i>Vergilius</i>).	Monte Video (<i>montewiedieou</i> , Sp. <i>moonteewieTHEeóo</i> — <i>TH</i> soos Eng. <i>the</i>).
Verona (<i>wirrouna</i> , Nedl. <i>weeroona</i>).	
Versailles (<i>wirseils/wirsaai</i> , Nedl. <i>werrsaai</i>).	

W.

Walter (Neusel) (<i>oe-óltir</i> , Du. <i>walter</i>).	Wesfalië (Nedl. <i>Westfalen</i>).
Warsaw (Nedl. <i>Warschau</i>).	Waterloo (<i>oe-ótirloe</i> , Nedl. <i>waterloo</i>).

X.

Xanthippe (<i>ghzanth-</i> , Nedl. <i>Xantippe</i> , <i>ksanti-</i>).	Xerxes (<i>ghzerghzies</i> , Nedl. <i>kserrksess</i>).
Xenophon (<i>ghzennou-</i> , Nedl. <i>kseenoo-</i>).	

Omdat hierdie soort woorde uit die aard van die saak nie as Eng. beskou word nie, vorm hulle 'n rubriek tussen die leenwoorde en die onegte bastereenhede in.

VI. WAT SÊ DIE VORMLEER?

Ook die verbuiging van basterwoorde in Afr. wys die teenwoordigheid van vreemde, vir Afr. dus Eng., invloed aan. Hierdie onderwerp word by die afdeling "Vormleer" bespreek (bls. 182). Die volgende toetslys het gegewens verskaf:

LYS NO. 12. **Betekenis.**

- (1) **Goed** : Dis 'n *goeie man*.
Nat : Dis 'n *nat lap*.
Onnosel : Dis 'n *onnosel domoor*.

Gebruik asb. die volgende byvoeglike naamwoorde op dieselfde manier in sinne wat die betekenis duidelik laat blyk :

halfbloed, los, vriendelik, publiek, privaat, vernaam, konkreet, populêr, blond, modern, openbaar, ekonomies, finansieel, verlief, kritiek, finaal, elektries, tragies, progressief, harmonieus, sekundêr, seker, algemeen,

beslissend, geskik, aggressief, ordinêr, suskesvol, amusant, akkuraat, presies, gelukkig, skitterend, interessant, solied, subtiel, plesierig, beskaaf, verskillend.

(2) **Goed** : 'n Perd is *beter* as 'n donkie, maar 'n motor is die *beste*.

Geslepe : 'n Dief is *geslepen*er as ek, maar 'n politikus is die *geslepenste*.

Gebruik asb. die bnwe. by (1) op dieselfde manier sodat die betekenis duidelik blyk.

(3) **Huis** : Die *huise* waarin predikante woon is pastories.

Potlood : Ons gebruik *potlode* om te skrywe.

Gebruik asb. die volgende selfst. naamwoorde op dieselfde manier sodat die betekenis duidelik blyk :

rivier, Goewerneur-Generaal, manel, (berg)piek, sisteem, offisier, pond (geld), sensor, inspekteur, manier, oasis, predikant, hotel, kliek, metaal, standaard, melodie, pennie, prinsipaal, barbier, kompanjie, eksekuteur, adjutant, Superintendent-Generaal, skolier, hospitaal, grammofoon, formulier, finansier, juweel.

Die toetspersone se aandag is van die grammatikale vorm afgelei deur dit by die betekenis en die sinsvorm te bepaal teneinde min of meer normale verbuiging te verkry. Die algemene uitslag was : Hoe Afrikaanser 'n eenheid, bv. *ordinêr, juweel, interessant*, hoe Afrikaanser sy verbuiging ; en andersom, bv. *halfbloed, populêr, barbier, kliek*. Daar is natuurlik uitsonderings.

BASTERWOORDE : OPSOMMING.

Van watter standpunt ons die basterwoord ook al beskou, gedurig vind ons bewyse van sy oorweënd Eng. afkoms of bevrugting. In velerlei gevalle is die eenheid al so ingeburger (bv. *applikant*), dat teëwerking nie alleen nie veel sou baat nie maar 'n nadelige uitwerking hê deur die spreker te laat voel dat die eenheid wat hy wil gebruik, 'n onegte fabrikasie is wat Afr. by Eng. afgekyk het omdat Afr. dit nie self kon doen nie ; die vrees om vir 'n verwaande pedant aangesien te word as hy bv. van *sollicitant* praat, veroorsaak 'n stryd in sy gemoed, werk belemmerend op sy gedagteuitdrukking, en maak hom des te dieper bewus van die oormag van Eng.

Op die ou end is die drang van die gemeenskap se konkrete taalgewoontes sterker as die drang van 'n abstrakte wetenskaplike feit, en na 'n nadelige aarseling gebruik hy tog

maar weer die angl. Dikwels is die angl. nie meer 'n logiese angl. nie (bv. by 'n kind wat dit onbewus van sy ouers geleer het), en dikwels selfs nie meer 'n psigologiese nie. Tensy dus die Afr. onderwysers en Pers met verenigde front teen die honderde angl. kan optree en hulle binne ongeveer een geslag kan uitroei, sodat die volgende geslag die angl. nie meer hoor nie en die korrekte Afr. gebruik sonder om aan die verpligting aan Eng. te dink, is teëwerkings nie alleen moeite tevergeefs nie, maar uit sielkundige oogpunt beslis nadelig sowel vir die Afrikaner se taal- en volkstrots as vir doeltreffende gedagte-uitdrukking.

Omdat die angl. uitspr. en betekenis en vormleer egter betreklikerwyse slegs hier en daar 'n paar puntjies aanraak en nie van so 'n diepgaande aard is nie, kan hulle sonder gevaar teëgegaan word. Hierby moet nie ver-Fransend nie maar ver-Nederlandsend en waar moontlik ver-Afrikaansend opgetree word: van *weggetariër* moet bv. nie *weezjetariër* nie maar *feegetariër* of *groente-eter* gemaak word; die volk, met sy voorliefde vir die bekende en natuurlike, verkies die Eng. bo die Frans en selfs bo die onafrikaanse Nedl.: *emailje* kan nooit *enemmel* verdring nie.

Teneinde die uitspr. so suiwer Afr. moontlik te maak, moet die spelling van basterwoorde suiwer verafrikaans word. Die etimologiese spelling van basterwoorde versterk anglisistiese neigings: Hoe meer aanrakingspunte daar tussen twee tale bestaan, hoe makliker gaan hulle in mekaar oor. Dit geld al die gebiede wat ons opgenoem het, maar veral die uitspr. Omdat elke Afrikaner so goed Eng. ken, en geen ander etimologiese spellingwyse nie, is hy, tengevolge van jarelank-ingewortelde Eng. leesgewoontes, geneig om by die lees van bv. *co-educatie* die lettertekens hul Eng. klankwaardes te gee: *kou-edjoekasie*; as dit *ko-edukasie* gespel is, sê hy min of meer *koo-eedukasie*. Die Toetslyste het dit in baie gevalle vasgestel¹. Dieselfde neiging is merkbaar as die Afrikaner "etimologies" wil spel; bv. Eng. *authoriteit* en *deacons* in plaas van Nedl. *autoriteit* en *diacones*.

¹ „Is *déteil* dan nou ook 'n Afr. woord?" hoor mens op die platteland. Die spelling *detaail* sou hierin verbetering bring.

“Mit der Aufgabe der fremden und der Anwendung der heimischen Orthographie pflegt der Vorgang der Einbürgerung nach der lautlichen Seite hin sein Ende zu erreichen . . . Wenn das Volk anfängt, das gelehrte C, Ph, Y zu lassen und Zither, Zins, Domizil, Zentrum, Fasan, Fantasie, Silbe, Fisieck zu schreiben, so sind die Fremdlinge so deutsch, wie sie es eben können. Hand in hand geht damit eine Aussprache, die sich nicht mehr bemüht, der Fremde gerecht zu werden.”

(Kleinpaul 80.)

Hoe meer die Afrikaner die woord suiwer-Afr. gespel sien, hoe gouer word hy daaraan as suiwer-Afr. gewoond en neem hy dit met suiwer-Afr. uitspr. in sy daaglikse woordeskat op; en hoe minder ooreenkoms met die Eng. bestaan daar wat die Afr. kan beïnvloed.

III. ANGLISISMES.

Om die vraag: “Wat was die massale ontwikkelingsgang van Engelshede as verskynsel in Afr.?” te beantwoord, moet ook die Hooghollandse boeke en tydskrifte tussen 1795 en vandag noukeurig nagegaan word; dan kan ook vasgestel word of die persentasie Engelshede in *skriftelike* Afr. hoër of laer is as dié in *skriftelike* Hooghollands, m.a.w. of die oorgang van Hooghollands na Afr. in die skrif tot slordigheid of tot groter noukeurigheid in dié opsig gelei het. Uit die aard van die saak kan ’n dgl. ondersoek egter nie veel nuuts oplewer nie: die skrywers van Hooghollands was gewoonlik Afrikaners wat hul Afr. met Nedl. stertjies versier, dus ook hul Afr. anglisismes in Hooghollands omgesit het. Hier volg ’n paar voorbeelde voor die voet:

De heer Boniface was te Parijs geboren; autoriteiten; als advokaat ageren; een scholastieke kennis van (Z. Afrikaan 1854); nieuwspapier; (’n skip) met passagiers opgevuld; misschien is uw papa zeer slecht (siek) [Draper: *Grace Kennedy*, vertaal deur Z. A. Christelike Bijbelvereniging, 1858]; Heb de goedheid, Familie (huisgesin) [Richmond: *De Negerknecht*, ook deur Bybelvereniging vertaal en uitgegee 1859, soos baie ander vertalings van Eng. boeke]; Ons Land (11.8.1900) o.a. applicaties moeten in zijn niet later dan; een select comité; den heer B buiten order; Polities-misdaden Verbeteringsbill; dat de raad in comité zou gaan op deze bill; lip-loyaliteit; Burgemeesters Minute; plot (komplot); (3.6.1900) o.a. een prachtig voorbeeld gezet; de halve vacantie-dagen akte (Half-holiday Act); werd . . . applicatie gemaakt; als ik geld genoeg gemaakt heb; het Pretoria hooge hof; Departement van Publiek Onderwijs; postvrij; ens. (Op ’n Bazaar ten behoeve der republikeinsche krijgsgevangenen het ses van

die veertien nommers op die program met Eng. name gepryk); Fouché: *Geschiedenis van de Unie voor Z. Afrika*: Hoofstuk 28; Verantwoordelik Bestuur En Wat Het Meent; du Plessis: *Het Leven van Andrew Murray*: halfhartig 16; Napoleoniese krygen 18; zendingsveld 20; ens. Hofmeyr: *Leven van J. H. Hofmeyr*: Een Faktor om Rekening mee te Houden. W. S. Logeman: *De Eerste Lessen in de Grammatika* (Kaapstad 1898): prorogeeren, constituenten, Koloniale Secretaris, sessie, staf, in comité van het Geheele Huis, Hooge Commissaris, Moderne Talen, ens.

'n Ander interessante vraag is: In hoeverre slaag ons Afr. skrywers daarin om herdrukke te suiwer en nuwe uitgawes in suiwer Afr. te skrywe? Die verbetering met betrekking tot suiwering van die skryftaal is opvallend (vgl. bv. eerste en jongste drukke en boeke van de Waal of Sangiro), maar in die meeste gevalle is dit aan die taalkundige pers-reviseurs te danke en nie aan die skrywers nie; m.a.w. alleen die deskundiges wat daarvoor betaal word, en wat net een doel: *Suiwerheid*, voor oë het, is by magte om selfs die skryftaal oppervlakkig te suiwer. En as mens die boeke van sommige skrywers deurblaai, bemerk mens dat selfs die deskundiges die kwaal net kan pap en nie genes nie.

Dit sou ook interessant wees om statisties na te gaan in watter volgorde die vernaamste Afr. skrywers en tydskrifte met betrekking tot die gebruik van Engelshede gerangskik moet word. In drie uitgawes (1, 3 en 30.1.31) van Die Burger het ek die aantal anglisismes probeer vasstel, maar dit so groot gevind (ongeveer 200 per uitgawe, afgesien van herhalings), dat ek dit laat vaar het. (Een uitgawe van Die Kerkbode (14.1.31) bevat ongeveer 100.)

(a) WOORDESKAT.

Die Eng. invloed op die woordeboek laat hom waarneem in die leenwoord (wat buite hierdie rubriek val), die baster (bv. *prominent*), die verdwyning van bepaalde woorde, die vermeerderde of verminderde gebruik van ander woorde (bv. "Ek meen dat sy getroud is" vervang deur "dink/glo"; "Sy is glo getroud" deur "Ek dink sy is getroud"; "Pla(as) jy my help" deur "Waarom help jy my nie?"; "Wie weet gaan hy darem nog" deur "Miskien"), die woordgebruik in die algemeen (wat hom by die betekenisleer aansluit), en die

woordvorming (wat hom by die vormleer aansluit). Almal behalwe die laaste twee is reeds behandel.

(b) **BETEKENISLEER.**

Net soos die fisiese vorm van 'n taaleenheid weens sy beïnvloedende omgewing gedurig varieer, net so varieer sy psigiese inhoud weens sy beïnvloedende omgewing: dieselfde simbool het vir dieselfde persoon 'n verskillende inhoud by verskillende geleenthede, en meer nog vir verskillende persone. Toe ons nog vyf was, het ons gepraat van "liefde"; toe ons vyftien was, het ons gedroom van "liefde"; tot vyf-en-twintig het ons gelewe van "liefde"; daarna het ons gelewe met "liefde"; en na die koms van ons kinders het ons gehandel met "liefde". Die betekenis van 'n taaleenheid ontwikkel gedurig. Selfs die inhoud van 'n woord wat 'n konkreter saak aandui (bv. *stoel*), wissel af, met die gevolg dat 'n invloed van buite, bepaalde veranderinge kan teengaan en ander veranderinge kan bevorder en versterk. Kortom: die betekenis van 'n taaleenheid kan verander onafhanklik van vreemde taalinvloede, of afhanklik daarvan. As die betekenis so verander dat die verband tussen die nuwe en die oue nie meer gevoel word nie, moet ons die taaleenheid as 'n nuwe beskou, bv. ou-Afr. *trein*: *leërtros* × nuwe-Afr. *train*; ou-Afr. *stoof*: *voetstofie met gloeiende kole daarin* × nuwe-Afr. *stoof*: *stove*. Daarenteen is bv. 'n *sny* in my vinger en 'n *sny* brood dieselfde woord. Aangesien die betekenis van byna alle uiterlik verskillende woorde van mekaar verskil, het die betekenisverandering van die een baie min invloed op die betekenis van 'n ander. Dit is dus onmoontlik om algemeen geldende reëls of klasse op te stel; elke geval staan opsigself en kan alleen met sy uitheemse beïnvloeder in verband gebring word.

Die enigste algemene uitwerking van die Eng. invloed op die Afr. betekenisleer is (1) **Slordige woordgebruik**, (2) **Abstraktheid**.

(1) Omdat die Afr. en die Eng. eenheid soms so eenders is, beïnvloed die een die senupatroom van die ander, vervaag die verskille, en versterk die ooreenkoms totdat die twee saamgesmelt het. Hierdie gelykmaking van die verskilpunte

tussen twee tale wat gedurig teen mekaar vrywe, is 'n baie belangrike beginsel wat orals toegepas kan word ; so bv. die byna uitsluitlike gebruik van *maak* in eenhede soos 'n *poging* / *verklaring* / *fout* / *aanbod* / *beroep* / *ontdekking* / *proefneming* (ens.) *maak*, of *vir* in eenhede soos *vir 'n tyd*, *vra/stuur/wag* (ens.) *vir*. Die verskilsvervaging lei tot veronag-saming van die fyn betekenisverskille en beklemtoning van die growwe betekenisoreenkoms.¹ Voorbeelde hiervan is legio ; bv. die samesmelting van *gemeente* : *gemeenskap*, *gewoonlik* : *gewoon*, *spoed* : *snelheid*, *Indiër* : *Indiaan*, *Rooms* : *Romeins*, *groeï* : *kweek*, *getal* : *aantal* : *nommer*, *verskeie* : *verskillende* ; *Kortom* het die splitsing ontstaan deurdat . . . (DH 23.1.31 ; *in short* beteken sowel *in 't kort* as *kortom*), *Skandalig* verwaarloos (Ib.) ; Dis mos 'n vreeslik eenvoudige oplossing van 'n *verskil* (Aan Stille Waters 94 ; *difference* : sowel *geskil* as *verskil*) ; *Nodeloos* om te sê (DH 9.1.31) ; 'n *Nodige* euwel. Soms is die wysiging so gering, of stem die produk so mooi met inheems-analogiese produkte ooreen, dat die Eng. invloed skaars bemerk kan word ; elke koerant wemel hiervan, bv. *het baie stof tot spekulasie gegee*, 'n *breër uitkyk*, *die slegte tye*, *die boerende bevolking*, *die werkende klasse*, *die kopende publiek* (DB 5.1.31), *die lesende publiek* (19.1.31) ; Die invloed van Eng. is *klaarblyklik* in sulke uitdrukkings soos : in ons opinie, die hier volgende onder-soek, die ruims moontlike gebruik, die uitbringing van rapporte, studies in Suid-Afrikaanse burgerskap (dr. J. G. Meiring oor "Ons Word Mondig" in DK 25.2.31). In baie gevalle kan die Eng. afkoms nie bewys word nie, al voel mens dat die skrywer of spreker vertaalde Eng. besig ; al wat mens kan aanvoer (en dis meestal afdoende) is dat 'n boer dit nie so sou gesê het nie.

Dat dit vertaalde Eng. is, word nog duideliker as mens op (2) die abstraktheid van die taal let. Soos ons reeds aangetoon het, is Afr., as die taal van 'n landelike bevolking, by uitstek konkreet ; bv. *go for a swim* × *gaan swem*, *go for a walk* × 'n *ent gaan loop* ; *give it a ring* × *lui dit*. Met die ontwikkeling van abstrakte denkbeelde onder invloed van die Eng. kultuur, was die ontstaan van abstrakte simbole in

¹ So ook : *baie meer skitterende manne* × *baie skitterender manne* ; e.g. kan beteken „baie meer manne wat skitterend is” ; v. bls. 197.

Afr. onvermydelik. Dit kan aangevoer word dat dit nie 'n Eng. ontwikkeling nie maar 'n bloot natuurlike proses is. As ons egter in die oog hou dat Eng. berug is weens sy duisternis abstrakte simbole, dat skrif-Afr. van dgl. simbole wemel, en dat vertalings uit Eng. veral in dié opsig uitmunt, val die Eng. invloed nie te ontken nie: "Wat is die oorsaak ?" wou ons gister van *die handel* weet (DB 1.1.31), die kleurprente is 'n *sekerheid* vir die toekoms (3.1.31), sal hulle by *noodsaaklikhede* bepaal, sodat *vrugtebelange* definitief kan weet (30.1.31), 'n jaar *van* slegte resultate, ons land *van* groot afstande, klerke *van* ondervinding (5.1.31), *ondernemings* in Johannesburg (firmas, 19.1.31), vir *doeleindes van* staatsadministrasie (Nienaber 170), hy het 'n *was* nodig, ek sal hom 'n *goeie praat* gee, *steenkoolbelange*, Daar kom 'n *klop* aan sy deur, ens. Soos in Eng. (vgl. bv. *The King's English* 139) gee die gebruik van die abstrakte simbole aanleiding tot die gebruik van groot aantalle VAN'S: die meerderheid van onderwysers is nie uitstaande genoeg vir die doel van uitsaai nie (Unie 6.35), die klimaat is van 'n groot bekoring (DB 15.4.32), die sukses van drie vastelande (nl. komediantes 25.12.30), in die middel van die opstelling van die verdedigingswerke (29.1.31), bevestiging van sy aanneming van die uitnodiging, die verligting van die lyding van die arm mense (26.1.31), die vraagstuk van die oorheersing van inboorlingbelange, hierdie bewering van 'n gat in die baan (1.1.31), die sonde van die bedroef van die Heilige Gees (DK 14.1.31), ens.

Naas die growwe woordgebruik en die vermenigvuldiging van abstrakthede, is die Eng. invloed merkbaar ook in die gebruik van sport-, tegniese, nywerheidsterme ens. in figuurlike betekenis, bv. *Fabrieke werk volstoom* (31.12.30), *stoom opkry*, *somar vir sports*, iemand 'n *uitklophou* gee. Aangesien feitlik al hierdie soorte terme ook in hul letterlike betekenis aan Eng. ontleen is (so nie in Nedl. nie, dan tenminste in Afr.), spreek dit eintlik vanself dat ons hier met angl. te maak het.

Ons moet egter ook konstateer dat daar soms tengevolge van die Eng. invloed 'n poging te bespeur is om groter noukeurigheid en fyner betekenisdifferensiering te bewerkstellig, bv. die uitbreiding van *-self* by voornaamwoorde van

die derde persoon (Hy was homself), die weglating van *die* by abstrakte selfstandige naamwoorde, die ontstaan en voortbestaan van onegte bastereenhede en leenwoorde, *Die feit dat dit gebeur* i.p.v. *Dat dit gebeur*.

(c) **STYL: DAGBLADSTYL.**

Afgesien van verskeie sinsbou-stroefhede waarop gewys sal word en wat miskien ook aan nie-Eng. invloed te wyte kan wees, is die Eng. inwerking sigbaar in die koerantetaal, veral in die taal van sportverslae. Hoewel stylinvloed byna geheel en al tot die skryftaal beperk is, kan dit deur veelvuldige herhaling en deur die invloed van die gebied waar die "journalese" die weligste tier—die sport—groter gebruiklikheid verwerf. Dit vloei voort uit slegte na-apery van die swakste Eng. "journalese", "elegant variation" en "polysyllabic humour" (vgl. Fowler: *King's English: Airs and Graces*). Hier is 'n tipies-Eng. uittreksel uit DB 22.8.32 :

Nommerlose Seevaarders

swig voor nommer vyftien

Landrotte byt hard en diep in reuse-stryd om blik-beker

(Deur "SENER").

In weerwil van *Jupiter Pluvius* se pogings om die voetbal te belemmer, is diegene wat Saterdag vroeg na Nuweland gegaan het, 'n aanskoulike wedstryd aangebied toe *Olympics* teen die *Vloot* opgetree het.

Die *seevaarders* het hardnekkig gestry—en, terloops gesê, is daar min mense wat soos *seevaarders* kan stry—maar hoewel hulle herhaaldelik soos *bulle van Bazan* op die *vyandelike linie* afgestorm het, moes hulle uiteindelik die *knie* voor die *landrotte* buig.

Dieselfde soort hoogdrawende grappigheid vind ons selfs by Sangiro (Op Safari), bv. *Hierdie operasie is gedurende die volgende week driekeer per dag herhaal. Die laaste keer het hy homself sover vergeet dat (23), dit is 'n pynlike operasie (om van die donkie af te val 51). Baie van Sangiro se ander snaaksighede is deur-en-deur Eng.: En die jongste gerug meld dat daar weer 'n honderd of sowat myle van treinspoor verspoel het (24); Ons Griekse hotelbaas was 'n skelm. So, ek het dit reguit gesê hierdie keer en voel verlig; hy het dit*

eenkeer te dikwels gewaag (31); 'n ongesonde teken, hierdie laaste (165); Sê nou vir my waar kom koning Sors op so 'n aand in (177); ens. (L.W. uitspr. Klemensou 57 van Clemenceau.) "Elegant variation" in excelsis bv. in: Deane die Springbok die S.-Afrikaanse kaptein die ruggraat van die S.-Afrikaanse elftal die hoop van S.-Afrika die S.-Afrikaner; die S.-Afrikaanse kolwers het dit skynbaar op hul sensuwees gehad, iets wat al verskeie keer in die verlede ook die Springbokke nie met hul beste vorm voor die dag laat kom het nie (22.1.31; dubbelsinnigheid weens variasie); die blouspan, die Ikeys, die Kapenaars, Sacs; Die Draers van die Groen en Goud (27.6.36), ens.; uitstof, die knie laat buig, neerlaag toedien, ens. As mens die sinsnedes nagaan wat Fowler aan die Eng. joernalistiek wyt, sal mens verstom staan oor die feit dat byna al die vertaalbares vandag in die Afr. joernalistiek gevind word. Ook die deur Eng. joernaliste beminde woorde ontbreek nie, bv. 'n waardevolle gebaar ten bewys van Natal se opregtigheid (11.3.33), die ligte musiek met 'n paar nobele uitsonderinge (19.1.31), die psigologiese oomblik (28.10.36). Sulke weersinwekkende taal soos die volgende (uit 'n enkele artikel) is egter nie baie algemeen nie (19.1.31):

Moet tog nie vir ons kom vertel dat al die meer aantrekklike werke, om nuwe proefnemings te neem; Dis mooi en wel om ons te; Maar hulle affekteer die feit geensins; Probeer ons bietjie met (Just try us with); Al wat ons vra is dat hy (die komponis) ons sal wegoat uit onself; Jazz was besig om sy houvas op die publiek te verloor; gepopulariseer; as dit nie vir die klankprent was nie; daar is tog niks nuut nie; elke nou en dan; Die idee dat 'n meisie klavier moet kan speel; dat sy nie genoeg van 'n dame sal wees nie . . .; on-effektief; Die Lohengrin-Voorspel word na my sin bietjie te . . .; hierdie selfde koor; Ewe (equally) knap gedoen (done: 'n lied); as u smaak vir musiek aan die ligte kant is; een van die grootste pianiste van vandag en dit is 'n genot om hom op die grammofoon te hê; as 'n plaat soos hierdie nie verkoop nie; sy fenomenale tegniek; is nouliks goed genoeg om . . . (hardly); goeie waarde vir 6s.; ens.

Dit is 'n voorbeeld van die algemene stelling dat 'n eenheid wat by die een persoon suiwer Afr. is, by 'n ander 'n angl. kan wees; meer nog: dat dit by 'n persoon wat soos die skrywer hierbo sterk onder Eng. invloed staan, in die eerste plek aan Eng. invloed toegeskrywe moet word, bv. die grootste pianis van vandag.

(d) **VORMLEER.**

(i) **WOORDVORMING.** Soos Eng. en ander analitiese tale, besit Afr. die vermoë om agglutinatief nuwe woorde deur die samesmelting van reeds bestaandes te vorm; die bepaalde maniere waarop dit plaasvind is legio. Gewoonlik word die bestaande woorde sonder bindklanke aanmekaar geryg; bv. *die perd toom-in-die-bek ry*; *die sweer uier koei* 8, *rimketang schaakels (remketting skakels)* 80, *osriem ringen* 82, *een streep kruis koedoe kuoij (koei)* 110 (Trigardt). Hoewel hierdie proses suiwer Afr. is, oortref die Eng. buigsaamheid in hierdie opsig verreweg dié van Afr.: in Eng. word lang reekse snwe. wat mekaar adjektiewies bepaal, sonder bindklanke in die spreektaal aan mekaar geryg en in die skrif agter mekaar geskrywe. In Afr. word bindklanke, wat die oorspr. sintaktiese verband tussen die dele van die samestelling aandui, bv. *vaderShuis*, *kindERtaal*, soms nog aangetref; is die lengte en aard van die samestellings aan streng perke onderhewig; en word die dele van die samestelling gewoonlik aan mekaar geskrywe. Dit geld veral samegestelde snwe. Die krag van die Eng. gewoonte, die ondersteuning daarvan deur die Afr. neiging in dieselfde rigting, die bondigheid, eenvoud en handigheid van die Eng. gewoonte, en die behoefte aan Afr. vertalings van bestaande Eng. terme, gee aanleiding tot tallose anglisitiese samestellings in Afr.; dat hulle dele dikwels van mekaar geskrywe word, is waarskynlik 'n verdere aanduiding van die Eng. invloed, maar kan ook aan die inkonsekwentheid van die Nedl. en van die Afr. in hierdie opsig te wyte wees. Ons rangskik hier die belangrikste gevalle:

SELFST. NW.

Soortnaam en Snw.: Langafstand-spanwedloop (DB 11.7.36), Die Sending-Instituut-Reuniebond (DK 21.9.32), 'n wildekat ontwerp (Herrie op die ou Tremspoor: *wild cat scheme*), 'n Donderdagaand-konsert (DB 23.1.31), ens. Omdat hierdie klas in die meeste gevalle nie die Afr. analogie verkrag nie, kan hy nie altyd uitgeken word nie. As die eerste deel van die samestelling egter 'n eiennaam word, is die Eng. invloed gewoonlik merkbaar.

Eienaam en Snw.: Die Malmesbury-kus (de Waal: Oorlog, Hfst. 9), Mazawattee Tee Advertensie-beoordeling Wedstryd; Parow S.A.O.U. Tak (Unie 4.35), Oxford Groep Beweging (Universitas, 11.30); die Wellington Tak/Stasie/Distrik/Skool/Skiet Vereniging, ens., Durban Somer Voorgee Wedren, Adderleystraat winkels; Kaapprovinsie, Betsjoeanaland Protektoraat, Suidwes-Afrika Mandaat (ook analogie van *Kaapland*, *Sambesierivier*, ens.); die Malan Familie, die Smit erfgename, die nommer 2 trein, die Kellogg-verdrag, die Dalton Metode; die Latyn-onderwyser; Larwood-Vocekombinasie (DB 9.7.35), die Smuts-Churchill-ooreenkoms (8.7.35); ens. Die suiwer Afr. in hierdie gevalle is:

- (1) eienaam-*SE* en snw., bv. die Kaapstadse Universiteit;
- (2) eienaam en *SE* en snw., bv. (die) Kaapstad se Universiteit (betekenis-verskil);
- (3) snw. en eienaam, bv. die Universiteit Kaapstad. Die derde moontlikheid is die kortste en suiwer boere-Afr. (vgl. die Familie Malan), al voel die nuwer eenhede, bv. die Verdrag Kellogg, die Protektoraat Betsjoeanaland, die Mandaat Suidwes-Afrika, die Metode Dalton, die Tak Wellington, ens. miskien stroef en Nedl. weens hul ongebruiklikheid (Eng. invloed).
- (4) Omskrywing, bv. die Voorgeewedren in Durban.
- (5) Bnw. en snw., bv. Redaksionele Komitee.

Bnw./Telw. en Snw.: die 9.15 n.m. trein; 'n Britse vyfduim-Howitzer-bom (DB 24.12.30); 'n Een-Jaar Afrikaanse Kursus vir Beginners, deur C. W. H. van der Post; die 14-dae-reis (Unie 7.35); 'n sewe-duisend-mylreis, die 120 tree hekkies is uitgestel (19.1.31); die eerstejaars (studente van die eerste jaar), 'n twee uur papier, die £5 lisensie-klas (26.10.32); 'n 35 voet rekler, 'n 80-90 perdekrage turbine-motorpomp (11.8.32); die 1899-1902 oorlog (Eerste Skrywers 146); Spesiale Diensbataljon; 'n Sosiale Werkers-Uitstappie (DK 21.9.32; onlogiese koppelteken)¹; Gedeeltelike Appropriasie-Wetsontwerp, Westelike Provinsie-vrugte

¹ Nedl. het ook dgl. samestellings, bv. *oude mannen tehuis*; die Eng. afkoms en gebruiksfere van die meeste dgl. eenhede in Afr. hoef egter g'n betoog nie; vgl. volgende rubriek.

(DB 19.1.31) ; Eenmankrag-planter (9.9.36) ; die Dr. Viljoen Primêre Skool (Onderwys Gaset 21.7.31), ens. I.v.m. die telwe. en snwe. vgl. *op drie maande verlof, op 'n paar dae besoek, 'n verdere drie maande tronkstraf* (DB 13.7.32), wat suiwer Afr. kan wees.

Wurm en Snw. : 'n Bid en Gee Kruistog (KB 4.36), 'n 50-50-basis, die Dra-meer-wol-veldtog ; op die £ vir £ stelsel (S. J. du Toit), 'n kop-aan-kop geveg (DB 19.1.31) ; dié 1936 Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, (Private) Wet Wysigingswet ; Meisies en Geestelik Gekrenkte Vroue Beskermingswet, 1916 Wysigingswet ; ens. In Eng. kan 'n hele sin aanmeakaargeryg word en die snw. adjektiwies bepaal. In Afr. moet dgl. lang woorde omskryf, of anders gestel word, bv. *ponds-pondsgewys, vrugte uit die Westelike Provinsie*. Die anglisistiese stelsel is natuurlik heelwat korter. In Nedl. kom samestellings uit eienaam en snw. ook onder Eng. invloed voor, bv. *Goudakase* (Nedl. *Goudsche kazen*) ; by eiename op *-ER* is dit suiwer Nedl., bv. *Deventer-koek*. Dgl. samestellings is in Afr. nog voelbaar anglisisties, maar hulle neem vinnig toe, veral deur die nuusblaai wat Eng. telegramme (telegramstyl) haastig moet vertaal, maar ook in die spreektaal, bv. die *tienuur-aftrein*. Aangesien hierdie soort samestelling 'n groot klas belangrike taaleenhede geld, gewoonlik net 'n uitbreiding en nie 'n verkragting van die Afr. taalgewoontes is, eenvoudiger, korter en minder lomp as die omskrywings is, dikwels net die gewenste graad van vaagheid of duidelikheid aandui (bv. *Westelike Provinsie-vrugte × vrugte uit die Westelike Provinsie*), en die uifers ingewikkelde gebruik van bindklanke vermy, is dit 'n soort taaleenheid wat nie geweer hoef te word nie, tensy dit om spesifieke redes af te keur is, bv. lewensversekeringsmaatskappyassistenthoofofagentskapsbestuurder. Hettema 92 meen dat "naast-elkaar-plaatsing regel zal worden."

Woordvorming deur afkortings en letterwoorde is reeds behandel.

BYVOEGLIKE NW.

Bnw. en Snw. : In Nedl. kom soms ook bnwe. voor wat uit bnw. en snw. saamgestel is, bv. *Die vlag is halfstok, halfweg*, maar word alleen predikatief gebruik, tensy hulle